# TOM NEWBY SCHOOL EKSAMEN

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Vak** | **Afrikaans Addisionele Taal Leesbegrip en Taalwerk** | **Eksaminator** | **Mev. M. Gough** |
| **Datum** | **Junie 2019** | **Totaal** | **45 Punte** |
| **Sessie** | **1** | **Tyd** | **1 uur** |
| **Graad** | **5** | **Moderator** | **Mev. M. Fourie** |
| **Spesiale instruksies/ Toerusting** | **Instruksies** | | |
| **Hierdie assessering is opgestel met die gebruik van notas en inligting beskikbaar in die Tom Newby inligting materiaal. Die memorandum of rubriek is opgestel tot 'n standaard, maar alternatiewe antwoorde of opinies word in ag geneem.** | | | |

| | | |
|---|---|---|
| **Naam:** | **Van:** | **Klas:** |

Instruksies

1. Hierdie vraestel is saamgestel uit die volgende afdelings:
   Afdeling A: Leesbegrip (30 punte) en Afdeling B: Taalwerk en gedigte (15 punte)
2. Skryf jou antwoorde op die vraestel.
3. Lees jou vrae goed deur.
4. Gebruik die woordelys om jou te help.
5. Moenie enige oop spasies los nie.
6. Skryf netjies en leesbaar.
7. Geen woordeboeke.



## AFDELING A: LEESBEGRIP [30]

1. **Lees die gedig en beantwoord die vrae.** **(10)**

| **Woordelys** | | | |
|---|---|---|---|
| waghondjies | watch dogs | hou jou dop | watch you |
| knor | growl | loer | peep |
| daadjie | small deeds | stomp | log |
| hap | bite | waarsku | warn |
| broekspyp | pants | verbydryf | float by |
| gaatjie | little hole | snoet | nose |
| pootjies | paw | held | hero |

**WAGHONDJIES**

1Ek is hier en ma is hier,
2Ons twee lê op baas se baadjie.
3Wie is jy?
4Kom loop verby!
5Anders word ons knor 'n daadjie –
kry jou bene dalk 'n hap,
kry jou broekspyp dalk 'n gaatjie!
6Mooipraat? Nee, ons ken jou nie;
weg jou hand, en raak ons nie!
7"Oppas!" het die baas gesê,
"tot ek weer kom, hier bly lê!"
8Op ons pootjies lê ons kop,
maar ons hou jou darem dop;
toe-oog slaap ons op die baadjie,
maar ons loer nog deur 'n gaatjie –
één oor plat, en één oor op,
pas op!

*Jan F.E. Cilliers*



(97 woorde)

1.1 Hoeveel hondjies is in die gedig? (1)

_______________

1.2 Waar lê hulle? (1)

_______________

1.3 Met wie praat hulle? (1)

_______________

1.4 Wat gaan hulle hap? (1)

_______________

1.5 Die gedig sê hulle slaap toe-oog. Dink jy hulle slaap regtig? Hoekom sê jy so? (3)

_______________

_______________

_______________

_______________

1.6 Waarom dink jy hou mense waghonde aan? Skryf drie sinne. (3)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**Lees die volgende storie en beantwoord die vrae. [20]**

## ‘n Ware Vriend

1 Jannie en sy hond Wollie, loop op die plaas rond. Hulle speel, slaap en eet saam. Vandag gaan hulle swem. Die twee maats hardloop en spring, en as Jannie lag, blaf Wollie vrolik.

2 Die twee maats duik in die water. Jannie gooi ‘n stok in die water en skree: “Bring hom, Wollie!” Wollie bring dit in sy bek terug. “Mooi so, my hond!”

3 Agter hom kom ‘n groot stomp die rivier af. Jannie sien niks nie, want sy rug is na die stomp gedraai. Wollie weet hy moet iets doen voor die stomp sy maat se kop tref. Skielik spring hy na Jannie toe en pak hom met sy bek aan die hare beet. Wat het nou in Wollie gevaar? Wollie trek sy kop na agter… en toe sien Jannie die stomp. Wollie wou hom waarsku. Hulle swem wal toe en sien hoe die stomp verbydryf. Hy sit sy arms om Wollie se nek en soen sy nat snoet.

4“Dankie, Wollie! Ek hoop ek kan eendag jou lewe ook red!” Wollie blaf en swaai met sy stert. Waarom anders het ‘n mens dan ‘n ware vriend?

*Bron: Die Geel Pierewiet*
*(152 woorde)*



1.7 Waar bly Jannie en Wollie? (1)

a) Op ‘n plaas.

b) In die dorp.

______________________________________________

1.8. Wat doen hulle alles saam? (2)

______________________________________________

1.9 Wat doen Wollie as Jannie lag? (1)

a) Wollie blaf vrolik.

b) Wollie hap na Jannie.

______________________________________________________________________

1.10 Watter speletjie speel hulle in die water? (1)

a) Jannie en Wollie speel ‘n duik-duik speletjie.

b) Jannie gooi vir Wollie ‘n stok in die wtaer, om te gaan haal.

______________________________________________________________________

1.11 Wat dink jy gaan gebeur as die stomp Jannie raak slaan? (2)

a) Hy gaan onder die water verdwyn.

b) Die stomp gaan sy kop tref en hy gaan seerkry.

______________________________________________________________________

1.12 Wat dink jy doen die stomp in die water? (1)

a) Die stomp dryf af in die rivier.

b) Die stomp lê aan die kant van die rivier.

______________________________________________________________________

1.13 Dink jy Wollie is ‘n held? Hoekom sê jy so? (2)

Ja, Wollie is ‘n held, want..... of Nee, Wollie is nie ‘n held nie, want...

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________


1.14 Plaas die volgende sinne in die **korrekte volgorde**. Skryf die alfabet letter in die oop spasie neer. (5)

| | |
|---|---|
| 1.Vandag gaan hulle swem. | A |
| 2.Hy trek Jannie se kop na agter. | B |
| 3.Toe sien Jannie die stomp. | C |
| 4.Jannie en sy hond, Wollie, loop op die plaas rond. | D |
| 5.Wollie wou hom waarsku. | E |

1.15 Gee ‘n **antoniem** vir die volgende woorde: (2)

a) lag ____________________ b) nat __________________

1.16 Gee **meervoude** vir die volgende woorde: (3)



a) hond ________________

b) maat ________________

c) stert _________________

**Afdeling A: (30)**

**AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES [15]**

2. Lees paragraaf 1 van die storie. Soek 2 **werkwoorde** en skryf dit neer. (2)

2.1.1 ______________________

2.1.2 ______________________

2.2 Verander die volgende sin in die **verlede** en **toekomende** tyd. (2)

***Hulle swem wal toe.***

2.2.1 Verlede tyd: ___________________________________________

2.2.2Toekomende tyd: ______________________________________

2.3 Verander die volgende sin na **ontkennende vorm**. (1)

***Wollie is 'n ware vriend***

___________________________________________________________________________

2.4 In paragraaf 3 is daar 'n sin wat 'n **voegwoord** het. Skryf die sin oor. (1)

___________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________

2.5 **Onderstreep** die regte woord. (2)

2.5.1. 'n /Die seuns speel in die water.

2.5.2 'n/Die hondjie kan 'n ware vriend wees.

2.6 Verander die volgende sin na 'n **bevelsin** en 'n **uitroepsin**. (2)

***Jy swem in die koue water.***

2.6.1 Bevelsin:

______________________________________________________________

2.6.2 Vraagsin:

______________________________________________________________

2.7 Voltooi die **trappe van vergelyking**. (2)

| | | |
|---|---|---|
| Min | | Minste |
| Groot | | Grootste |

2.8 Skryf die volgende **vetgedrukte** woorde reg oor. (3)

2.8.1 In die **vroee** oggend ure het Jannie en Wollie geswem.

______________________________



2.8.2 In die **more** het Wollie sy kos **geeet.**

______________________________

______________________________

**Afdeling B: (15)**

**Groottotaal: (45)**

**Grade 5 Afrikaans Exam June 2019**

**Performance Analysis**

(For teacher use only)

**Name and Surname: ________________________________ Class: ______**

**Section A**

| Question Number | 1 | 2 |
|---|---|---|
| Possible Mark | 10 | 20 |
| Learner Mark | | |

**Section B**

| Question Number | 2.1 | 2.2 | 2.3 | 2.4 | 2.5 | 2.6 | 2.7 | 2.8 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Possible Mark | 2 | 2 | 1 | 1 | 2 | 2 | 2 | 3 |
| Learner Mark | | | | | | | | |